Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 23 April 1952. Prys 3d. Nr. 21.

# GRONDIGE REORGANISASIE VAN O.B. IN NOORDELIKE GEBIEDE

## Moet Geskied Ooreenkomstig Besluite van Laertrek

**In 'n omsendbrief en aansluitende bevel wat hierdie week aan offisiere en lede uitgestuur word, sit die waarnemende leier van die Ossewa-brandwag, mnr. J. A. Smith, sy reorganisasieplanne uiteen wat die Laertrek moet voorafgaan waar die nuwe leier vir die Beweging gekies moet word.**

**„Die eerste taak wat ek moet uitvoer is om die organisasie in die noordelike gebiede te herstel sodat ek in staat kan wees om behoorlik saamgestelde Gebiedsrade byeen te roep waarna ek 'n voltallige Uitvoerende Raad, Grootraad en Laertrek kan belê. Ek het besluit om dit te doen deur middel van 'n grondige reorganisasie ooreenkomstig die bepalings van die O.B. se konstitusie wat sodanige reorganisasie om die twee jaar vereis," lui die omsendbrief.**

Die Waarnemende Leier verklaar dat na die bedanking van dr. Van Rensburg as leier van die O.B., die leierspligte outomaties op hom as onderleier en Adjunk-kommandant - generaal van die Beweging geval het en dat hy hierdie posisie wettiglik sal beklee totdat 'n Laertrek 'n nuwe leier en K.G. gekies het. Sodanige Laertrek kan òf op die gewone tyd saamgeroep word òf op 'n buitengewone tyd vir die besondere doel om 'n leier te kies. **Ten einde die verskillende gesagsliggame (Uitvoerende Raad, Grootraad en Laertrek) byeen te roep, moet daar eers uitvoering gegee word aan die konstitusionele vereistes, soos op die jongste Laertrek te Bloemfontein besluit.**

### UITVOERING VAN BESLUITE

„Ek vind nou dat ten opsigte van die noordelike gebiede nog nie uitvoering gegee is aan hierdie besluite nie. Bowendien is die Pretoriase kantoor gesluit en is daar in die noorde nie meer 'n kantoor en voltydse amptenare van die Ossewabrandwag nie.

„Die posisie is derhalwe dat die enigste wettige lede van die U.R. die vier lede is wat die Laertrek verkies het, en die vier lede wat deur Kaapland (Gebiede A en B) aangewys is; en dat Gebiede C, D, E en F geen verteenwoordigers op die U.R. het nie. **Hierdie posisie kan ek nie sonder meer aanvaar nie. Ek moet gevolglik stappe doen om so spoedig moontlik uitvoering te gee aan die besluite van die Laertrek.**

„Ek het gevolglik mnr. P. W. Buys, destyds nog deeltydse stafhoof van die Uniale Hoofkwartier (die kantoor wat die noordelike gebiede C, D, E en F bedien het) op 8 Maart 1952 op Potchefstroom mondelings gevra om al die stukke van die Uniale Hoofkwartier wat in sy besit is, aan my te oorhandig sodat ek die nodige stappe vir die herstel van die organisasie kan doen.

### NIE MEER STAFHOOF

„Ek het die versoek aan hom gerig omdat hy nie meer 'n voltydse amptenaar van die O.B. is nie, en omdat ek, wat in George woon, in ieder geval nie deur hom, wat werk van 'n rondreisende aard verrig, my uitvoerende pligte kan vervul nie.

„Mnr. Buys het egter geweier om aan my versoek te voldoen. Onder hierdie omstandighede was ek verplig om hom skriftelik te beveel om die gevraagde stukke af te lewer voor 31 Maart 1952 en hom kennis te gee dat ek hom daarna ontslaan as stafoffisier.

„Hy het egter geweier om my skriftelike bevel te gehoorsaam. Op 31 Maart 1952 het mnr. Buys se ontslag van krag geword.

„As gevolg van mnr. Buys se weiering om die amptelike stukke van die Uniale Hoofkwartier aan my te oorhandig, moes ek noodgedwonge uit 'n ander hoek begin om die organisasie in die noordelike gebiede te herstel."

### BEHOORLIKE GESAG

**Die Waarnemende Leier verklaar voorts dat hy geen onmiddellike stappe kan doen om die organisasie in die noordelike gebiede te herstel en voltallige gesagsliggame daar te stel en te erken indien hy nie in besit van die stukke van die Uniale Hoofkwartier is nie, want daarsonder kan hy hoegenaamd nie die samestelling van òf die kommando-rade òf die Generaalsrade òf die Gebiedsrade òf die Beheerrade kontroleer nie.**

„En die eerste taak wat ek moet uitvoer is om die organisasie in die noordelike gebiede te herstel sodat ek in staat kan wees om behoorlik saamgestelde Gebiedsrade byeen te roep waarna ek 'n voltallige Uitvoerende Raad, Grootraad en Laertrek kan belê.

**„Ek het besluit om dit te doen deur middel van 'n grondige reorganisasie ooreenkomstig die bepalings van die O.B. se konstitusie wat sodanige reorganisasie om die twee jaar vereis.**

(Vervolg op bladsy 4 kolom 4)

# NOG MEER LESERS WERF INTEKENARE

**Gedurende die afgelope week het ons lesers weer die name van nege nuwe intekenare ingelewer. Die werwingsveldtog gaan voort en die boodskap van die Ossewabrandwag word elke week in steeds meer en meer huise afgelewer. Hiervoor is die getroue lesers van ons blad verantwoordelik en verdien hulle tereg die dank van die hele Beweging.**

Mev. J. Theron, Koffiefontein, het twee nuwe lesers vir een maand gewerf; mnr. N. W. J. van Niekerk, Witrivier, het twee gereelde nuwe lesers vir 'n jaar gewerf; mnr. D. F. de Swardt, Worcester, een leser vir een jaar; mnr. N. J. de Kock, Lindeshof, een leser vir een jaar; mnr. J. E. de Villiers, Mosselbaai, een leser vir een jaar; en mnr. P. J. Nel, Mosselbaai, twee nuwe lesers vir ses maande.

Aan al hierdie lesers sê ons baie dankie vir die mooi voorbeeld wat u gestel het. Ons oproep bly steeds dieselfde, aan elke leser van ons blad: Werf nuwe intekenare!

Lesers word weer herinner aan die biltong-pryse wat „Suidwester" uitgeloof het aan die drie persone wat die meeste gereelde intekenare werf op Die O.B. gedurende die tyd 1 Jan. 1952 en 30 Augustus 1952. Die eerste, tweede en derde pryse is vyftien pond, tien pond en vyf pond droë biltong.

# Korea Word „Grootste Gemors van Eeu" deur Britse Toedoen

**„Korea is omskep in een van die grootste gemorse van die eeu en feitlik tot 'n onoplosbare vraagstuk as gevolg van die druk wat Attlee se regering gedurende 1951 op president Truman uitgeoefen het. Dit is 'n geskiedkundige feit sonder die minste teenspraak," verklaar die gesaghebbende Britse blad Intelligence Digest in sy jongste uitgawe. Die blad herinner daaraan dat die spuitvliegtuie waarmee Britse en Amerikaanse (en ons kan byvoeg Suid-Afrikaanse) seuns vandag in Korea afgeskiet word 'n geskenk van die Attlee-bewind aan Rusland was.**

Op 'n kritieke tydstip, toe 'n beslissing behaal kon geword het, is die V.V.O.-troepe teruggetrek omdat gesê is dat Rusland op die punt staan om 'n wêreldoorlog te begin oor Korea.

Die blad verklaar dat daar 'n gevaarlike toestand in Korea ontstaan het. Tans word weer gesê dat Rusland vrede begeer. „Elkeen weet dat mnr. Attlee se mening dat daar teen die somer van 1951 vrede sou wees, en mnr. Eden (huidige Britse minister van buitelandse sake) se mening dat daar teen Januarie 1952 vrede sou wees, ongegrond geblyk het. **Albei skyn ernstig mislei te gewees het deur hul raadgewers.**

„Elkeen weet nou dat Rusland ten nouste met Sjina verbind is, en dat feitlik die hele Noord-Koreaanse oorlogsmasjien Russies is in oorsprong en bestuur. Dit alles is nou gestaaf deur feite en in amptelike verklarings verduidelik."

### BRITSE PERS SE ROL

Voortgaande wys die blad daarop hoe die Britse pers onware berigte aangaande Amerikaanse standpunte publiseer, en sulke manne soos John Foster Dulles verkeerdelik voorstel as ekstremiste wat Europa terwille van Asië wil versaak.

Korea is weens Britse druk op pres. Truman omskep in die grootste gemors van die eeu. Uit vrees vir reaksie in Europa het Truman tot so 'n mate rondgeslinger dat daar feitlik hoegenaamd geen leierskap was nie. Gevolglik is die toestand in Asië tans veel gevaarliker, en sal dit waarskynlik in die volgende 18 maande baie vinnig ontwikkel.

### TEENSTRYDIGHEDE

**„Dit is 'n baie snaakse verskynsel dat wanneer dit die Russe se beleid pas dat ons gehalt moet word in optrede wat sy belange kan skaad, aan ons gesê word dat die Sowjet-unie op die punt staan om 'n wêreldoorlog te begin, en dat ons moet wag anders steek ons die kruit aan die brand. Wanneer dit weer gaan om 'n heel beskeie verdedigingsprogram in Wes-Europa, word ons vertel dat Rusland geen gedagte aan oorlog het nie en dat ons gekke is om geld te mors op oordrewe ondernemings. Dit is nog snaakser dat 'n reeks vooraanstaande staatsmanne elke keer in hierdie slagyster trap wanneer dit gestel word.**

„Die teenstrydigheid tussen die storie van dreigende wêreldoorlog oor Korea, en die storie van 'n ,eeu van vrede' (van Truman kort gelede) is inderdaad wonderbaarlik. Maar 'n groot deel van die openbare mening wat nie oor die inligting beskik nie en bevrees is vir 'n oorlog, sluk elke storie wat vertel word ongeag die teenstrydigheid.

### BRITSE GESKENK

**„Ten slotte moet daarop gelet word dat die een amptelike verklaring na die ander in die jongste tyd nadruk lê op die toename in Russiese spuitaangedrewe vliegtuie in Korea. Hierdie spuitvliegtuie skiet elke dag Britse en Amerikaanse seuns dood. Dit is onwaarskynlik dat daar vandag een enkele spuitaangedrewe vliegtuig in die Koreaanse lug sou gewees het, indien hulle nie aan Rusland gegee was nie.** Ons doen aan die hand dat die vorige Britse bewind aan die publiek 'n verduideliking moet gee. Wat is sy verskoning dat hy aan Rusland die middele verskaf het om spuitvliegtuie te vervaardig waarmee ons manne vandag doodgeskiet word?" **('n Paar jaar gelede het sir Stafford Cripps 'n vyftiental spuitvliegtuie aan Rusland gegee en daardeur die geheim van die masjiene in Russiese hande laat kom. Daar word gemeen dat dit Rusland 15 jaar aan navorsing gespaar het.)**

Dit was met so 'n regering en in sulke omstandighede dat Suid-Afrika aan die Britse militêre stelsel gekoppel is en nog steeds gekoppel bly. Dit is in sulke omstandighede dat Suid-Afrika nog steeds seuns opoffer en daarvoor 'n paar miljoen pond per jaar betaal — vir die „grootste gemors van die eeu."

---

**Die Litause kommunis, Simon Zukas,** wat as vlugteling na Noord-Rhodesië gekom het, daarna in Kaapstad studeer en toe leier van die Naturelle-organisasie, African Congress, van Rhodesië geword het, moet uit Noord-Rhodesië verban word, volgens aanbeveling van die hooggeregshof.

# REPUBLIKEINE WAS IN VERLEDE MISLEI, SÊ MINISTER

**„Na die Statuut van Westminster het ons geglo dat ons net so vry soos Engeland was. Aan diegene wat 'n republikeinse staatsvorm begeer het, is gesê dat ons nie groter vryheid kan kry nie. Maar sedert die uitspraak van die Appèlhof is dit duidelik dat dit nie meer die posisie is nie," het mnr. Tom Naudé, Minister van Pos- en Telegraafwese, verlede week tydens die debat oor die Appèlhof-uitspraak in die Parlement gesê, en daaraan toegevoeg dat indien daar een ding is wat hierdie uitspraak gedoen het, miskien ondoelbewus, dan is dit dat dit die republiek nader gebring het.**

Mnr. Naudé se uitlating is belangrik, maar dit is net so belangrik dat hierdie deel van sy toespraak net in die plaaslike Engelse pers opgeneem was en nie in Die Burger nie. Volgens die Cape Times was daar toejuiging aan die regeringskant toe hy dit gesê het, en ongetwyfeld sou republikeine dwarsdeur die land hierdie uitlating toegejuig het. Dit was dus van besondere nuuswaarde, en tog verswyg die Keeromstraatse koerant juis hierdie deel van die toespraak. Waarom? Bestaan daar vrees dat die stryd teen die Appèlhof dalk kan ontwikkel in 'n stryd om die republiek?

DIE O.B., WOENSDAG, 23 APRIL 1952

# SMEE 'N REPUBLIEK IN DIE VLAMME

Die voor die hand liggende oplossing vir die grondwetlike warboel waarin ons land nou beland het, naamlik die uitroeping van 'n republiek op so 'n volkseiendomlike grondslag dat die partypolitieke twispunte van vandag soos droombeelde sal vervaag, is tot sover nog nie deur die Regering aanvaar nie. Slegs een verantwoordelike lid van die kabinet, mnr. Tom Naudé, het die republikeinse ideaal in verband met die krisis gebring, maar die feit dat hierdie deel van sy toespraak nie in die senior-mondstuk van die Nasionale Party, Die Burger, opgeneem is nie, voorspel niks goeds nie. Dit skep die indruk dat die Malan-rigting in die party graag die republiek uit die huidige twis wil hou. **Dit is ongelukkig, want as die geleentheid vir algehele hervorming van ons staatstelsel en die verkryging van 'n republiek hom ooit gunstig voorgedoen het, dan is dit nou wanneer selfs die Engelssprekendes in ons land fout vind met die Britse stelsel en die gevare daarvan vir 'n land soos Suid-Afrika met sy heterogene bevolking onbevange erken.**

**Aan die ander kant mag dit weer sy nut hê as 'n beweging vir republikeinse hervorming juis nie van uit die partypolitiek geloods word nie, waar agterdog en ingegrawe vooroordele die stryd net des te bitterder sal maak. As daar ooit behoefte bestaan het aan 'n volksbeweging wat die voortou kan neem om 'n nuwe rigting in ons politiek te bring, 'n rigting wat staatshervorming as onmiddellike politieke doel aan die volk in al sy lae kan voorhou, dan is dit nou wanneer die blankes hul byle slyp om mekaar die koppe af te kap oor 'n saak wat per slot van sake sy wortel het in die wins of verlies van 'n halfdosyn partypolitieke setels wat deur Kleurlinge oorheers word.**

## WORTEL VAN STRYD

Laat ons dit baie duidelik verstaan: Die huidige oplaaiing van gevoel waarin verantwoordelike leiers selfs van geweld en rewolusie praat, wyt sy ontstaan nie aan 'n diepgaande konstitusionele strydpunt nie. **Dit gaan nie oor die vraag of Suid-Afrika as staat vry of onvry is nie. Dit het selfs sy oorsprong nie by die vraag of die Parlement oppermagtig in die Suid-Afrikaanse koninkryk is of nie; dit het sy oorsprong by die feit dat die Nasionale Party as bewindhebber die Kleurlingstemreg so wou verander dat dit vir homself onder meer sekere setels sou besorg en vir die Verenigde Party sekere setels sou gekos het. Met ander woorde, die ontketening van haat en nyd onder die blankes het sy oorsaak in die partypolitiek waar die een party waaksaam op loer lê om te verhoed dat die ander iets doen wat nadelig vir sy verkiesingskanse kan wees en waar hy glo dat elke maatreël van die ander party voorbedag is op so 'n benadeling van sy teenstander se kanse en die bevoordeling van sy eie. Hierdie atmosfeer van party-konkurrensie het dit moontlik gemaak dat 'n ontploffing plaasgevind het uit 'n vlammetjie wat in 'n nie-partypolitieke staat hoogstens die aandag van 'n paar filantrope en anargistiese agitators sou getrek het.**

In die partypolitieke atmosfeer kan geen saak op sy verdienste benader word nie, en daarom is die enigste uitweg uit die huidige politieke kruitdampe die herskepping van ons staat op 'n grondslag waar die volk regstreeks homself kan regeer in plaas van sy gesag oor te dra aan 'n politieke party wat òf aan die volk voorgeskilder kan word as 'n „kliek," òf hom inderdaad kan gedra soos 'n kliek wat net begaan is oor sy eie welsyn.

## NUWE STRYDPUNTE

Dit is duidelik dat hierdie stryd wat deur partypolitieke oorwegings ontketen is, net soos vuurvlamme steeds wyer sal gryp totdat dit ons hele samelewingsgebou in puin sal lê. Die eerste fase van die stryd oor „Kleurlingregte" het reeds oorgeslaan na „grondwetlike stabiliteit" en na „parlementêre soewereiniteit" ten opsigte van die regbank — alles dinge wat op sigself strydvrae kan vorm, maar wat nou vir die eerste maal losgewikkel word, alles na aanleiding van Kleurlingstemreg. **Maar een belangrike ding wat dit ook losgewikkel het, en wat vir ons as republikeine van besonder belang is, is die lig wat dit werp op ons staatkundige posisie.** Selfs uit die mond van 'n kabinetsminister het ons nou bevestiging gekry vir die O.B. se standpunt dat Britse vryheid nie republikeinse vryheid is nie, en dat die volk al die jare mislei was deur die storie dat Suid-Afrika „net so vry soos Brittanje self is." **Daarom is dit noodsaaklik dat uit die vlamme wat nou omhoog geblaas gaan word uiteindelik nie net roet en as gaan oorbly nie; of nie net die wins van 'n paar partypolitieke setels nie, maar iets wat al die rook en stof darem werd sal wees: die republiek gegrond op 'n stelsel van onderlinge samewerking in plaas van onderlinge partyoorlog. As die stryd so fel moet wees dat daar selfs aan geweld gedink word, laat die resultaat dan wees nie net die wysiging van een artikel in die Britse grondwet nie, maar die vervanging van die hele grondwet deur 'n volkseie republiek.**

# Van die Os op die Esel

**Deur Sybrand**

### *Vereniging van Opposisiemagte*

Dit is darem wonderlik hoe die geskiedenis homself herhaal. Toe ek verlede week in die koerante gelees het van die opposisieleier, mnr. J. G. N. Strauss, se aankondiging op 'n Kaapstadse vergadering van die vereniging van die opposisiemagte teen die regeringsparty, het my gedagtes teruggegaan na 1941 — die jaar waarin Afrikanereenheid gestalte gekry het.

Net soos die Verenigde Party, die Torch Commando en die Arbeidersparty in 1952 verenig het of ooreengekom het om saam te werk ten einde die regeringsparty by die aanstaande verkiesing te verslaan, net so het die Herenigde Nasionale Party of Volksparty, die Ossewabrandwag, die R.D.B. en die F.A.K. in 1941 hulself verenig onder die leiding van die Eenheidskomitee — om te veg vir die verkryging van die republiek.

Die huidige opposisiemagte bevind hulle derhalwe vandag in dieselfde posisie as wat die destydse opposisiemagte hulle in 1941 bevind het.

Ons weet almal hoe kortstondig die Afrikanereenheid van 1941 was en dus ken almal die tragiese geskiedenis van verdeeldheid gedurende die jare ná 1941 wat die Afrikanerdom verneder en magteloos gemaak het. Die toekoms sal egter moet leer wat van die vereniging van die huidige opposisiemagte gaan word.

### *Verskillende Grondslae*

Blykbaar verwag die Nasionale Party se leiers dat die Verenigde Party die Torch Commando die stryd sal aansê net soos hulle destyds ten aansien van die Ossewabrandwag gedoen het en dat die opposisie-geledere gevolglik eersdaags net so verdeeld sal wees soos die Afrikaners in die jare na 1941 gewees het. Dit mag gebeur; maar ek betwyfel dit.

Daar is tog 'n baie belangrike verskil tussen die huidige opposisie-eenheid en die Afrikanereenheid van 1941.

In 1941 het die vereniging van die Afrikanerorganisasies plaasgevind rondom 'n ideaal, nl. die ideaal van 'n Afrikanerrepubliek ooreenkomstig die bekende Republikeinse Grondwet wat destyds opgestel en uitgevaardig is. In 1952 vind die vereniging van die opposisie-organisasies plaas rondom 'n bepaalde aksie, nl. 'n stryd om die Nasionale Partyregering by die stembus te verslaan. Ek beskou dat hierdie verskil 'n baie belangrike verskil is.

Dit moet sekerlik aangeneem word dat daar verskille, bes moontlik diepgaande verskille tussen die drie opposisie-organisasies bestaan wat nou besluit het om hul kragte te verenig. Maar dit moet ook aangeneem word dat daar geen verskille tussen hulle bestaan oor die gemeenskaplike strewe om die Nasionale Partyregering te beveg en hom 'n verkiesingsnederlaag toe te dien nie. Dit lyk vir my dat die opposisie-organisasies se vereniging blywend kan wees (minstens totdat hulle 'n verkiesingsoorwinning behaal het) solank as wat hulle bly konsentreer op hulle gemeenskaplike opposisie teen die Nasionale Partyregering en nie met mekaar se verskillende beginselstandpunte lol nie.

### *Gesuiwerde Standpunt*

Ek neem hierdie standpunt in op grond van die ervaring wat die Afrikanerorganisasies opgedoen het. Omdat die Herenigde Nasionale Party nie wou saamwerk met enige organisasie (by name die Ossewabrandwag) wat nie die standpunt van die partyleiers wou onderskryf en aanvoor nie, het die partyleiding die stryd teen die Ossewabrandwag ontketen en die verdeeldheid in Afrikanergeledere laat ontstaan. Die Ossewabrandwag se oplossing vir die verdeeldheid en sy resep vir samewerking, was 'n volksfront van Afrikanerorganisasies, wat elkeen sy eie identiteit en beginsels behou, maar wat saamwerk teen die gemeenskaplike vyand, die destydse oorlogsbewind van veldmaarskalk Smuts.

Dit wou die Herenigde Nasionale Party nie aanvaar nie. In 1947 het die H.N.P. tog hierdie gedagte in 'n enigsins afgewaterde vorm aanvaar toe hy deel geword het van 'n „front" bestaande uit die H.N.P. in koalisie met die Afrikanerparty — wat op sy beurt die ondersteuning van die Ossewabrandwag geniet het. Hierdie onvolmaakte front het in 1948 die verkiesingsoorwinning behaal.

Sedertdien het die H.N.P. weer teruggekeer na sy ou standpunt. Onder die nuwe naam Nasionale Party het hy die Afrikanerparty ingesluk op die grondslag dat die ingesluktes die Nasionale Party-leiding se sienswyse onderskryf en aanvaar. En wel tot so 'n volslae mate dat mnr. N. C. Havenga, die voormalige Afrikanerpartyleier, vandag die skyf geword het van die hele Opposisie omdat hy sy standpunt ten aansien van kleurwetgewing en grondwetlike stabiliteit volkome verloën het.

En O.B.-lede mag lede van die Nasionale Party word mits hulle nie politiek bedryf in hul organisasie nie en mits hulle nie beginsels verkondig wat bots met die beleid van die Nasionale Party nie.

Gevolglik is die Nasionale Party weer terug by sy ou uitsluitende en gesuiwerde standpunt wat die oorsaak is van verdeeldheid in Afrikanergeledere.

### *Jarelange Misleiding*

„Waarnemer" van Robertson skryf: „Reeds vir baie jare al skeer die partypolitici met ons die gek deur vir ons te vertel dat ons 'n soewerein onafhanklike volk is en dat ons in ons eie republiek nie vryer kan wees as wat ons vandag onder die Britse kroon is nie. En nou? Nou moet die partypolitici die howe van die land minag en die regters verkleineer, want as hulle dit nie doen nie, moet hulle erken dat hulle al die jare die volk mislei het.

„Waarom erken hulle dit nie? Dan kan hulle mos soos goeie Afrikaners weer veg vir republikeinse vryheid.

„President Paul Kruger het vir ons 'n definisie gegee van Britse vryheid: Britse vryheid is die vryheid van die bobbejaan aan die paal. Aanvaar die Afrikaner Britse vryheid dan het hy sy kop in 'n strop gesteek. Hy is dan volkome vry om te skop, te wurg, te spartel, te doen net wat hy wil — maar sy kop bly in die strop.

„Is dit nie presies wat vandag gebeur nie? Kyk net hoe gaan die ministers van die land tekere? Hulle skop en spartel en wurg tot vermaak van almal wat hulle gadeslaan. Maar so ver ek kan agterkom bly die strop maar om hulle nek. Dit lyk vir my dat die Regering tekere kan gaan soos hy wil, maar dat die wet wat die Appèlhof onwettig verklaar het ooreenkomstig die konstitusie wat die Britse parlement aan die Unie gegee het, steeds onwettig bly.

### *Die Troefkaart*

„Ek weet nie waarom die leiers van die regeringsparty ammelee-deur met die Verenigde Party en die Torch Commando baklei nie. Hierdie organisasies het die ander kant van die tou beet waarmee die strop om die Regering se nek vasgebind is. Die Regering moet hulle laat staan en sy troefkaart speel. Hy moet die strop om sy nek losmaak. Dan staan hulle met 'n nuttelose stukkie tou in hul hande. Die Regering moet die Britse vryheid afskud. Hy moet die republikeinse vryheid aanvaar deur die republiek uit te roep.

„Dit is die enigste troefkaart wat dr. Malan het om te speel. Laat hy dit speel. Hy moet nie net ander uitdaag nie. Hy moet self ook die uitdaging aanvaar wat die omstandighede aan hom stel. Die tyd vir die republiek is ryp. Is die Nasionale Eerste Minister, dr. Malan, ryp vir die tyd?"

### *N.P. se Gesindheid teenoor O.B.*

Een van my lesers wat homself „Offisier" van Kaapland noem skryf aan my dat hy dit laakbaar vind dat Die Burger (die hoofpropaganda-koerant van die Nasionale Party) nie geskroom het om dr. De Vos, die leier van 'n nuwe kerkstigting in ons land, aan die Ossewabrandwag te probeer koppel nie. Die koerant het, nl. vermeld dat hy (dr. De Vos) 'n „kapelaan van die O.B." was indertyd in Durban. Waarom moet die koerant nou juis dit vermeld, vra my leser. Want wat het dit met die prys van aartappels te doen?

Ek stem saam met my leser. Die feit dat Die Burger die Ossewabrandwag by die hare insleep in sy beriggewing oor dr. De Vos, beskou ek as voorbedagte kwaadwilligheid teenoor die Ossewabrandwag. Dis 'n treffende getuienis van die Nasionale Party se gesindheid teenoor die O.B.

Waarheid is natuurlik dat baie predikante van die Hollandse kerke kapelaan van die Beweging was en dat party nou nog is. Dr. De Vos was destyds nog predikant van die N.G. Kerk en is deur die O.B. om sekere redes as lid geskors terwyl hy nog in Durban was. Destyds is hierdie skorsing deur H.N.P.-blaaie gebruik om die O.B. aan te val omdat hy „sy hande aan 'n gesalfde geslaan het." Nou moet sy vroeëre lidmaatskap weer gebruik word om hom aan die O.B. te koppel — en aan die Torch Commando.

### *Baie Bedenklik*

Veral die volgende paragraaf in Die Burger lyk baie bedenklik in die lig van bovermelde feite:

„Dr. De Vos is ook ondervra oor die bronne van die fondse vir sy veldtog. Hy het

(Vervolg op bladsy 3 kolom 1)

## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

### VERLOWING

DANNHAUSER—DE BRUIN.—Hiermee wens ons twee, Braam en Alida, aan ons O.B.-vriende(-inne) bekend te maak dat ons op 12 April verloof geraak het. 23/4/1B

### MEUBELS

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER**, die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar- en kopvelvoedingsmiddel te gebruik. Skadeloos, kleurstofvry, 5s. per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** D1/9/49

**ANTIGRYS herstel gryshare en baard** tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** E14/6/50

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis. Oortuig uself deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel. Skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** B1/9/49

**Duisende is reeds van hulle kwale bevry.** Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly? Skryf dadelik. Raadpleeg **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 3)1/9/49


## SYBRAND

(Vervolg van bladsy 2 kolom 5)

erken dat hy in die oorlogsjare, toe hy in Durban gestasioneer was, 'n kapelaan van die Ossewabrandwag was. Hy het ontken dat die Torch Commando se organisasie ingespan was om Maandagaand die stadsaal te vul."

Hoe uit voeling dr. De Vos met die Ossewabrandwag is, blyk uit sy bewering dat die voorsitter van die Grootraad ook 'n „Broederbondpredikant" is. Sedert die afgelope jare is prof. D. J. van Rooy voorsitter van die Grootraad en hy is 'n hoogleraar in wiskunde.

# Britte Trap in Stalin se Handelslagyster

**Op 9 April het Die O.B. verwys na die ekonomiese wêreldkonferensie in Moskou waaraan die Britse handelslui so vlytig deelneem, en het ons in verband met die konferensie gesê dat dit deur Stalin belê is spesifiek met die doel om die Weste se oorlogsvoorbereidsels te verlam deur middel van die opwekking van handelsbegeertes. Hierdie standpunt word in 'n ernstige waarskuwing onderskryf deur die deeglike Britse blad Intelligence Digest, wat verklaar dat die ekonomiese konferensie van groot belang is vir die Russiese buitelandse beleid en bedoel is as 'n wig tussen die Westerse volke.**

Die blad verklaar dat die hele Sowjet-beheerde propaganda-masjien daarop toegespits was om die voordele van handel tussen Oos en Wes tuis te bring in die hele nie-kommunistiese wêreld: **„Die Moskouse konferensie is bedoel om die aanloklikheid (van so 'n handel) tuis te bring en sodoende die weg te baan na politieke kompromis. Indien die gedagtes van invloedryke Westerse handelslui hiervoor gevang kan word sal gepoog word om hulle te oortuig dat politieke en strategiese kompromisse noodsaaklike en verkieslike voorafgaande reëlings is.**

„Die Moskouse ekonomiese konferensie sal van groot belang wees in die Sowjet se buitelandse beleid. **Dit sal 'n groot poging verteenwoordig om 'n wig in te dryf tussen die Westerse volke, en behoort met die grootste aandag en noukeurigheid dopgehou te word. Die redes hiervoor het bekend geword uit onderskepte opdragte aan hooggeplaaste kommunistiese agente.** Sowjet-Rusland moet tyd wen en gedurende hierdie tyd wat gewen word, moet (1) meer seerplekke in Asië en Afrika verwek, (2) 'n dieper wig tussen Wes-Europa en Amerika ingedryf, (3) atoomwapens ontwikkel en (4) verdedigingsmaatreëls in die Weste vertraag word.

### SLUWE PLAN

**„Die ganse kommunistiese plan is in al sy besonderhede bekend. Dit is 'n slim plan en is daarop gerig om die Westerse ekonomiese en politieke moeilikhede ten volle uit te buit. Dit is stewig gegrond op 'n basis van vredespropaganda wat 'n wye aantrekkingskrag het vir 'n oorlogsmoeë Weste. Indien ons in die slagyster trap, kan die gevolge baie ernstig wees. Geen waarskuwing kan te sterk wees nie. Uit Sowjet-opdragte is dit bekend dat indien hulle daarin slaag om die tyd te wen wat hulle beoog, hulle eendag, wanneer dit hulle die beste pas en dit die gevaarlikste vir ons is, met al hul mag — militêr en politiek — sal toeslaan om volledige beheer te kry oor Turkye, Palestina en Noord-Afrika, en eenvoudig oor die puin van 'n oorheersde, magtelose Wes-Europa sal rol indien dit nodig geag word."**

### BRITTE KWANSEL

Ten spyte van hierdie ernstige waarskuwing is verlede week berig dat Britse handelsafvaardigings in Moskou handelsooreenkomste ten bedrae van miljoene ponde met Rusland beklink het en dat onderhandelings met Sjina plaasvind waarin nog groter miljoene op die spel is.

Die totale bedrag wat die Russies-beheerde wêreld die Weste aanbied word op ongeveer £6,000,000,000 gestel vir die volgende drie jaar. Hiervan sal Sjina £1,700,000,000 aanbied en Rusland ongeveer £1,300,000,000. **Die Britte het reeds besluit om erts aan Rusland te lewer en die verwagting is dat dit later ook sulke oorlogsmateriaal soos koper, tin en rubber sal insluit.**

**Die vredesverdrag met Japan** is verlede week deur die Amerikaanse president onderteken, wat beteken dat Japan teen die einde van die maand weer sy plek inneem in die ry van volkere.

## HET BRITTANJE BENADEEL

Die Australiese eerste minister, Robert Menzies, is deur Churchill na Londen „genooi" vir samesprekings in verband met Brittanje se ekonomiese krisis. Australië het onlangs in sy eie belang aansienlike inkortings gemaak ten opsigte van Britse invoergoedere. Hierdie dislojale stap van 'n dominium het groot beroering in die Britse parlement te weeg gebring, en het ook bygedra tot 'n mate van werkloosheid in sekere Britse nywerhede. Nou moet Menzies blykbaar gaan rekenskap gee.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

# JONG HOLLANDER KIES DIE O.B.

**„Piet Prins," Kaapstad, skryf:**

As 'n jong Hollander wat vier jaar gelede na Suid-Afrika gekom het, en my gewig graag by die Afrikaanse volk wil inwerp, was ek verheug toe die Smutsbewind in 1948 plek gemaak het vir 'n Afrikaanse nasionale regering. In Holland het ek tydens die oorlog vyf jaar lank aan die ondergrondse stryd teen die Duitsers deelgeneem, maar ek het die verhale van my kinderdae aangaande die Boere se stryd teen Brittanje onthou en besef dat die Afrikaner se stryd hier presies dieselfde is as wat myne teen die Duitsers was. Daarom kan ek my heelhartig inwerp by die Afrikaner se stryd om volkome onafhanklikheid. Ek meen dat ek dus met reg ook 'n mening kan uitspreek oor die vordering van hierdie stryd. En dan moet ek tot my spyt begin deur te sê dat ek teleurgestel is in die regering. Hulle het net soos hul Engelsgesinde voorgangers Suid-Afrika se verdediging gaan koppel aan Brittanje — 'n land wie se militêre geheime 'n ope boek vir Rusland is. Ek beskou dit as 'n baie gevaarlike beleid vir Suid-Afrika.

Ek kan ook nie sien in watter opsig dit vir Suid-Afrika van belang is om homself ekonomies te verswak ten einde Brittanje te probeer help nie. Suid-Afrika is nie by magte om Brittanje uit sy ekonomiese nood te red nie. Wat hy doen, is 'n druppel aan die emmer sover dit Brittanje betref, maar wat homself betref kan dit sy hele toekoms in gevaar stel.

Ten slotte kan ek my ook nie met die kleurbeleid van die regering versoen nie. Vir my lyk die keuse te lê tussen algehele skeiding en algehele inskakeling. 'n Tussenweg is daar nie, behalwe op 'n grondslag van onreg wat hom vroeër of later op die nageslag sal wreek.

Ek het 'n tyd gelede kennis gemaak met u blad, DIE O.B. Aanvanklik het ek baie krities daarteenoor gestaan om begryplike redes, maar alhoewel het ek tot die oortuiging geraak dat Suid-Afrika, met sy besondere probleme veral op rassegebied sy heil alleen kan vind in 'n selfstandige republiek sonder partypolitiek. In Holland was daar voor die oorlog 43 verskillende partye, maar omdat die teenstelling by so 'n breë skakering van standpunt minder skerp is as waar die Britse tweeparty-stelsel gevolg word, is die partye daar, veral in die kleineres, minder gretig om party-belang bo landsbelang te stel. In Suid-Afrika kan 'n party dit blykbaar nie bekostig om 'n toegewing teenoor landsbelang te maak ten koste van homself nie: daar is te veel op die spel vir hom.

Die vraag kom op of die Ossewabrandwag soos hy vandag bestaan aan sy doel as hervormingsbeweging beantwoord. Ek twyfel. Ons het 'n stadium bereik waar iets gedoen moet word op parlementêre gebied vir die ideale waarvoor die organisasie staan. Hy sal 'n party moet vorm om die ideaal van partyloosheid te verbrei. Op watter grondslag moet dit geskied? Vir my is die belangrikste punt dat dit op dieselfde grondslag moet wees as die Afrikanertradisie soos deur president Paul Kruger verteenwoordig: Gods Woord. As ons op hierdie grondslag 'n party gaan vorm veg ons nie net vir 'n selfstandige republiek nie, maar onder meer ook vir Christelike onderwys. Ook sal die naturellebeleid hersien moet word sodat ons òf apartheid los òf dit konsekwent en radikaal deurvoer.

Hierdie ideale is werd om voor gestry te word, want daarvan hang die toekoms van ons kinders af. Maar dan moet dit op praktiese wyse geskied, en die enigste praktiese weg is om 'n party te word en kandidate te stel waardeur ons standpunt na buite uitgedra kan word.

('n Volksbeweging hoef natuurlik nie 'n „party" in die gewone sin van die woorde te word as hy kandidate vir sy beleid op parlementêre gebied stel nie. Sy doelstelling is hervorming en nie blote bewindsmag nie.—RED.)

# O.B. op Regte Pad

**Mnr. Fred J. Hattingh, Ysterplaat, skryf:**

Ná ek die O.B. ongeveer ses maande baie noukeurig gelees, en met die partypolitieke koerante vergelyk het, het ek tot die oortuiging geraak dat die O.B. op die regte pad is na 'n eervolle eindbestemming vir ons volk. Ek kan my in alle geval nie vereenselwig met die sienswyse van mnr. A. J. van Rooy en Jong Vrystater nie, altans nie met alles wat hulle in u uitgawe van 9 deser aangevoer het nie. Ek was nooit 'n ondersteuner van wyle genl. Smuts se politiek nie, maar ek het hom altyd as een van Suid-Afrika se waardige seuns geeer en meen dat ons nie die nagedagtenis van ons ontslape leiers in die politieke gedrang moet sleep nie. Waarom word ons grondwet as 'n „Smutsiaanse grondwet" bestempel? Was nie al ons waardige Boereleiers aanwesig op die Nasionale Konvensie waaruit ons grondwet ontstaan het nie, en het hulle nie almal hul deel bygedra tot die totstandkoming daarvan nie? Waarom dan net één uitsonder vir swartsmeerdery?

Jong Vrystater ly na my mening só swaar aan 'n partykompleks dat hy net die kritiek van die O.B. teen die Nasionale Party raaksien, en dan openbaar sy brief ook daardie wanopvatting dat as jy 'n Afrikaner is, en daarby iemand wat die Nasionale Party steun, dan moet jy as 'n soort heilige wese beskou word aan wie niemand durf raak nie. Nee, meneer die Redakteur, sover ek kan sien, volg u eerlik die pad wat na 'n onafhanklike republiek lei en vee alles weg wat in u weg kom opsy, ongeag uit watter politieke bron die stroompie vloei, en daarom staan ek by u. Ek was nie 'n vurige republikein nie, maar die warboel waarin die

(Vervolg in kolom 1)

(Vervolg van kolom 5)

partypolitiek ons volk nou op konstitusionele gebied beland het, het my oortuig dat niks minder as 'n republiek buitekant die Statebond ons rassevraagstuk kan oplos nie. Om van 'n republiek binne die Statebond te praat, is nie alleen onsin nie, maar is die gedagte van mense wat ons volk wil mislei, want so 'n republiek is nie die papier werd waarop die konstitusie geskryf word nie. Hou koers, O.B., en staan soos 'n vuurtoring buitekant die partypolitiek en u sal die vrugte van 'n eerlike stryd pluk.


**Beter Tabak * maak Beter Sigarette**



**Kommando**

**Suid-Afrika se** *gewildste* **sigaret**

** Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerstegraadse tabak.*

GI-3076

# ARABIESE VRYHEIDSTRYD TEEN ENGELAND

**Toe op 18 Julie 1951 die eerste minister van Libanon, Riad es Salk, op bevel van koning Abdullah van Transjordanië, in Amman vermoor word sê die Groot Mufti Husseini van Jerusalem met 'n toornige gebaar: „Nou is dit genoeg," en stap vinnig uit sy huis op die straat. In Beirut, die hoofstad van Libanon, betoog 'n massa mense wat wild geword het teen die gruwelike moord.**

**Twee dae later word koning Abdullah op die trappies van die Agsa-moskee deur Mustafa Escho, met 'n Duitse valskermjagterpistool doodgeskiet as wraak vir die moord op Riad es Salk.**

Abdullah was die seun van Hussain, groot Sjeik van Mekka, wat in die Eerste Wêreldoorlog 'n verraderlike rol teen die Arabiere gespeel het. Engeland het hom met geld omgekoop en Hussain het alles in sy vermoë gedoen om te verseker dat hulle na die neerlaag van Turkye, die heerskappy in Arabië kon oorneem.

Die Engelse het vir die eerste keer in hulle geskiedenis 'n verraaier goed beloon. Sy seun Geisal word koning van Irak. Sy seun Abdullah koning van Transjordanië.

Abdullah, 'n eersugtige gewetenlose heerser, het in die voetstappe van sy vader gevolg. Toe die Engelse troepe Palestina verlaat, val die Arabiese state, Libanon, Irak, Transjordanië, Saudi-Arabië en Egipte Palestina binne om te verhinder dat 'n Jode-staat opgerig word. Abdullah se Arabiese Legioen wat onder die bevel van Engelse offisiere staan en die beste uitgeruste leër is, het Jerusalem gestorm. Israel moet terugval maar verrig twyfelmoedige weerstand. In dié situasie ruk die Egiptiese vrywilligers in 'n geforseerde mars op teen Jerusalem om die Arabiese Legioen te hulp te kom. Die lot van die nuwe staat Israel hang aan 'n sydraad. As die Jode Jerusalem verloor, verloor hulle die hele Palestina.

### OMGEKOOP

In hulle doodsangs probeer hulle Abdullah omkoop — en met sukses. Koning Abdullah kry 'n sak vol goud en kan die deur sy leër besette gebied aan die kus wes van Jericho tot Ramallah en Natrun anderkant die rivier Jordaan behou. Die gebied is meer winsgewend as sy hele koninkryk Transjordanië.

### Deur Ski

Nou kan die leër van Israel asem haal en dan verslaan hy die Egiptenare, die Libanese en al die ander Arabiese militêre magte een na die ander.

Maar Abdullah wou nie alleen 'n klein stukkie land en geld hê nie; sy honger na mag was baie groot. Met die hulp van Brittanje probeer hy Sirië en Libanon onder sy heerskappy te dwing.

Kolonel Hüsnü Zaim, die diktator van Sirië, weier om sy land en volk aan Engeland en Abdullah te verraai. Abdullah laat hom vermoor.

Die eerste minister van Libanon, Riad es Solh, word deur koning Abdullah na sy hoofstad Amman uitgenooi om oor Abdullah se planne te gesels. Riad luister mooi wat Abdullah hom vertel. Toe Abdullah hom meedeel dat Engeland sy planne goedkeur en met hulp agter hom staan, weier Riad om iets daarmee te doen te hê.

Op bevel van Abdullah word Riad nog op dieselfde dag vermoor. Op pad na die lughawe van Amman word hy deur masjiengeweerkoeëls flenters geskiet.

Twee dae later word koning Abdullah op die trappies van die Agsa-Moskee in Jerusalem deur Mustafa Escho met 'n Duitse valskermjagter-pistool doodgeskiet.

### VERWAGTINGS VERYDEL

Met die dood van die verraaier Abdullah het Israel alle hoop laat vaar om met een deel van die Arabiere tot 'n verstandhouding te kom. Op sy beurt het Engeland met die dood van Abdullah die kans verloor om die hele Arabië onder sy heerskappy te kry. Wel het Engeland van Abdullah 'n konsessie verkry om militêre basisse in Transjordanië onderkant die Suez-kanaal te skep maar vir die Britse oogmerke was dit nie genoeg nie.

Teen die Engelse roof- en onderdrukkingspolitiek is die Islamitiese Broerskap onder leiding van die Groot Mufti (opperste godsdienstige Rigter) van Jerusalem, Hay Amin el Husseini, gekant. Die oomblik wanneer Engeland nie alleen sy vingers maar ook sy voete uit die Mohammedaanse Wêreld trek, op dié oomblik sal ook die Mohammedaanse broerskap verdwyn.

Die sukses teen Engeland in die stryd om die Persiese olie, die stryd om die Seuzkanaal en die dood van Engeland se handlanger, Abdullah, beteken vir die Mohammedane die daeraad van die vryheid.

Op die ruïnes van die verslane Osmaniese Ryk het Engeland 'n kwanselary met lande en trone bedryf. In die stryd teen Engeland het koning Ibn Saud, van Saudi-Arabië, en die Groot Mufti van Jerusalem die leiding behaal. Maar die siel in die stryd was en is die Groot Mufti van Jerusalem. Hy is die doodsvyand van die Engelse en Jode en word gelei deur 'n fanatieke sin vir geregtigheid en die idee van 'n Groot Arabië.

### GROOT MUFTI

Die Groot Mufti, Hay Amin el Husseini, leier van die Islamitiese Broerskap, stam af van 'n oeroue Arabiese adelfamilie. Sedert meer as 500 jaar beklee die Husseinis die amp van 'n Mufti in Jerusalem. Die oudste seun is altyd tempelheer van die Omar-Moskee.

As 'n nakomeling van Fatima, die dogter van die profeet Mohammed, beklee Hay Amin 'n unieke rang onder die Mohammedaanse notabele. Die koning Ibn Saud van Saudi-Arabië, koning Faroek van Egipte en alle ander konings en hooggeplaaste Arabiese here moet na die reël van die Koran Hay Amin el Husseini se hand eerbiedig soen.

Hay Amin is nie alleen 'n slim politikus nie maar ook 'n dapper offisier. Sy militêre loopbaan het hy onder die Duitse generaal, Von der Goltz Pascha in Konstantinopel begin en sy offisierseksamen by 'n Duitse veldartillerie-regiment in Berlin met soveel welslae afgelê dat keiser Wilhelm hom persoonlik geluk gewens het.

In die Eerste Wêreldoorlog veg Hay Amin as offisier in die Turkse leër teen Engeland. Toe hy sien dat Turkye verslaan word sluit hy by die Engelse kolonel Lawrence aan met die doel om te red wat nog te red is. Die Britte bevorder hom tot leier van 'n Arabiese geheime ondergrondse organisasie wat teen Turkye sal werk. Maar Husseini bring sy mense in die organisasie en lei die geheime stryd teen Engeland. Nie Turkse treine en voorraadplekke word opgeblaas nie, maar wel Engelse.

Die Islamitiese Broerskap het Hay Amin al voor die oorlog tot Groot Mufti bevorder. Na die oorlog bevorder die Engelse hoë kommissaris van Palestina hom tot Mufti. Niemand het in daardie tyd meer gelag as die Mohammedane nie.

### KIES DUITSE KANT

Hay Amin Husseini het sy diens as Opperste Rigter op 'n onberispelike manier gedoen, maar nogtans word Engelse Kasernes, treine en magasyne opgeblaas. 'n Verraaier verklap die Groot Mufti aan die Engelse, maar toe hulle kom om hom te arresteer is hy reeds in Damaskus en vertel aan koerantmanne dat hy teen die mandaat-politiek en 'n doodsvyand van Engeland is.

In die Tweede Wêreldoorlog beïnvloed die Groot Mufti die Irakse eerste minister om aan Engeland die oorlog te verklaar. Ofskoon daar geen gevegte plaasgevind het nie, het die bekende rebel „Fausi Kaukadji" die Engelse baie moeilikheid besorg.

Die Mufti self het aan die kant van die Duitsers as 'n

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

kommandant van 'n Mohammedaanse S.S.-divisie geveg.

Die Islamitiese Broerskap word deur hulle vyande, veral die Jode en Engelse, doelbewus as 'n organisasie van moordenaars bestempel. Die feit is dat die Broerskap mense is wat bereid is om hulle bloed en besittings vir die vryheid van hulle vaderland op te offer, en die Britse geweldmetodes met geweld te beantwoord.

Die leuen dat die Islam kommunisties beïnvloed is word deur Engeland doelbewus versprei, maar so lank Hay Amin Husseini, die Groot Mufti van Jerusalem, die leier van die Islamite, is, sal die Kommunisme net so min vordering maak as die Engelse: Husseini se leuse is: Nòg Londen nòg Washington, maar Arabië.

## MOSKOU-PLAN 'N GROOT SUKSES MEEN BRIT

**Lord Boyd-Orr, leier van die Britse groep wat die Moskouse ekonomiese konferensie bygewoon het (kyk ook berig op bladsy 3) het by sy terugkeer in Londen gesê dat die konferensie 'n groot sukses was en dat Brittanje handelondernemings ten bedrae van £28,000,000 met die Oosterse lande aangegaan het.**

Ander Westerse lande, veral Italië en Frankryk, het soortgelyke handelsooreenkomste gesluit en meer as £100,000,000 aan albei kante is betrokke by die nuwe besigheid tussen Oos en Wes, het hy gesê.

Intussen het sewe Britse afgevaardigdes na Peking (Sjina) vertrek waar hulle verder gaan onderhandel in verband met 'n ruilooreenkoms ter waarde van £10,000,000. By hul vertrek het hulle gesê: **„Ons glo dat 'n uitbreiding van die handel tussen Oos en Wes tot 'n beter verstandhouding tussen ons volke kan lei."**

(Op bladsy drie word aangetoon hoe hierdie Britte presies reageer soos Stalin bedink het.)

# REORGANISASIE

(Vervolg van bladsy 1 kolom 5)

### O.B.-BELEID

„Om uitvoering hieraan te gee sal alle offisiere in Gebiede C, D, E en F hul ampte op 15 April ontruim. Hulle bly egter hul ampte waarneem, en bly verantwoordelik vir die pligte daaraan verbonde, totdat die reorganisasie waarby hulle betrokke is, voltooi is.

„Daarom gaan die eerste bevel wat ek uitreik dan ook oor die herstel en instandhouding van die organisasie van die O.B.

„Dit is my plig om die besluite van die Grootraad te beskerm; die beleid wat die Grootraad neergelê het uit te voer; en om toe te sien dat offisiere en lede van die O.B. oor wie ek bevel voer dieselfde doen," verklaar mnr. Smith en verduidelik die huidige posisie as volg:

„Die amptelike en bestaande beleid van die Ossewabrandwag — wat ek ten volle onderskryf — is soos neergelê deur die jongste vergadering van die Grootraad.

„Indien enige lid verlang dat die amptelike beleid verander moet word, mag hy sodanige voorstelle deur die gewone kanale aanhangig maak.

„Tot tyd en wyl egter die bestaande neergelegde beleid op wettige wyse herroep of verander mag word, eis ek van elke offisier uitvoering en verdediging van hierdie beleid."

### BEVEL

In 'n bygaande bevel roep die Waarnemende Leier O.B.-lede en offisiere op om ooreenkomstig die konstitusie 'n reorganisasie tussen die datums 15 April en 30 Junie uit te voer en opnuut offisiere vir die verskillende afdelings aan te wys.

**In afdelings waar die kommando-organisasie verval het, moet O.B.-lede hulself opnuut in kommando's organiseer, soos voorgeskryf.**

**Die name van alle offisiere in hul eenhede moet deur die kommandante en generaals sowel aan die plaaslike hoër offisier as die Kommandant-generaal, Posbus 1411, Kaapstad gestuur word.**

In afdelings waar die generaal nie fungeer nie, word die name aan die Kommandant-generaal en die Gebiedsleier gestuur.

## Dra Geen Gesag Nie

Volgens die verklaring van die waarnemende leier van die Ossewabrandwag, mnr. J. A. Smith, waarvan 'n uittreksel hierbo verskyn, is mnr. P. W. Buys, voormalige amptenaar van die Sentrale Hoofkwartier in Pretoria, sedert 31 Maart 1952, geen amptenaar meer van die Hoofkwartier nie. Mnr. Buys het derhalwe geen reg om verder gebruik te maak van die naam van die Hoofkwartier van die Ossewabrandwag nie.

O.B.-lede word gewaarsku dat omsendbriewe, fondsoproepe, ens. wat na 31 Maart 1952 van mnr. Buys uitgaan, geen amptelike gesag dra nie.

Alle korrespondensie en bydraes aan die Sentrale Hoofkwartier moet voorlopig gerig word aan: Die Ossewabrandwag, Posbus 1411, Kaapstad.

## „Demokratiese Front"

By geleentheid van 'n groot vergadering in die Kaapstadse Stadsaal, verlede week, het adv. J. G. N. Strauss, leier van die Verenigde Party, aangekondig dat die Verenigde Party, die Arbeidersparty en die Torch Commando 'n bondgenootskap gesluit het wat 'n verenigde front daarstel om te veg vir die herstel van demokratiese regering in Suid-Afrika.

In 'n gesamentlike verklaring wat deur mnr. Strauss, mnr. Christie en mnr. Sailor Malan uitgereik is, lui dit dat die drie organisasies „vryelik byeengekom het met die spesifieke doel om Suid-Afrika te bevry van sy huidige on-Suid-Afrikaanse regering en om die regte van die volk te herstel, onder die regsorde."

## Sal nou Deelneem in Europa

Nadat hy lank teengestribbel het, het Brittanje, na berig word, nou ingewillig om 'n verbond met Europa aan te gaan waardeur hy te hulp sal snel indien enige van die ses lande wat die Europese leër moet vorm (Duitsland, Frankryk, Italië en die Benelux-lande), aangeval word.

Na berig word, staan die Duitsers maar skepties teenoor hierdie beloofde hulp omdat Amerika Brittanje daartoe gedwing het met die doel om die Franse se vrees vir militêre samewerking met Duitsland te besweer.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

O.B.
VRIENDSKAPSENTRUM
Groote Kerkgebou 604, Kaapstad
Vir
Heerlike koffie: Tee: Koeldranke: Roomys: Geroosterde brood: Toebroodjies: Soep en Nagereg
Besoek ons wanneer u in Kaapstad is
Ons pryse—die billikste • Ons diens—die beste